**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening no: 1100/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

**en**

**THAPELO GODFREY KHONZANI**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **LOMBARD *et* VAN COPPENHAGEN RR** |
| **UITSPRAAK:** | **LOMBARD R** |
| **GELEWER OP:** | **19 AUGUSTUS 2004** |

---

Die beskuldigde is tereg skuldig bevind dat hy in ongeveer 10 gram dagga handel gedryf het en is tot 12 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik vir 4 jaar opgeskort is, gevonnis.

Na my oordeel is die vonnis, alhoewel *in toto* opgeskort so treffend onvanpas dat inmenging aangewese is.

Die feite in ‘n neutedop is dat die beskuldigde as ‘n gevonnisde prisonier in die Virginia Gevangenis op die betrokke dag deur ‘n bewaarder in die geselskap van ‘n mede gevangene in ‘n kamer aangetref was. Tydens sy deursoeking is 67 lemmetjies dagga in koerantpapier toegedraai in sy besit gevind. (‘n Lemmetjie se grootte is 4 x 2 cm). Die beskuldigde was tydens hierdie gebeure besig om ‘n vonnis van 3 jaar gevangenisstraf vir huisbraak uit te dien.

Die beskuldigde se optrede om in die gevangenis aan sy “kollegas” dagga te verkoop is weersinwekkend en moet in ‘n baie ernstige lig beskou word. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat elke saak op sy eie besondere omstandighede en meriete beoordeel moet word nie.

Vanweë die klein hoeveelheid dagga hier ter sprake sou ‘n gepaste vonnis myns insiens gewees het dat aan die beskuldigde ‘n keuse van ‘n boete gegun moes geword het maar vanweë die feit dat hy aan handeldryf in dagga skuldig bevind is, is so ‘n

vonnis onbevoeg en is direkte gevangenisstraf verpligtend.

In die omstandighede word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis word deurgehaal en met die volgende vervang:

> Ingevolge Artikel 276 (1)(b) van Wet 51 van 1977 word die beskuldigde tot 3 maande gevangenisstraf gevonnis wat in geheel opgeskort word vir 4 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan 'n oortreding van Artikel 5 (b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

**D.J. LOMBARD R**

**EK STEM SAAM:**

**G. VAN COPPENHAGEN R**

/**ec**